

## SESSIE 8

### KUNSTE

#### Bestaansmyners se lewe en oorlewing: Ekstraksieprosesse as verbeeldingsmetafore in die Eureka-kunsprojek



Prof. Janine Allen-Spies, Departement Visuele Kunste,  
Universiteit van die Vrystaat

#### Opsomming:

Die Eureka-projek is 'n interdisiplinêre projek wat geïnisieer is deur dr. Andre Rose, 'n gemeenskapsgesondheidspraktisyn en fotograaf, en prof. Janine Allen, 'n kunstenaar en kunsakademikus. Deur interaksie met Noord-Kaapse gemeenskappe, die maak van konsepsuele kunswerke en fotografiese dokumentasie ondersoek Rose en Allen die sosio-politieke toestande rondom bestaansmyners in die diamantstad, Kimberley. Bestaansmyners, waarvan sommige onwettige mynwerkers is, myn met tradisionele metodes op 'n meestal ongereguleerde wyse in die mynuitskot in en rondom die stad. Rose en Allen ondersoek veral die ekstraksieprosesse in tradisionele mynboumetodes en het gevind dat die lewe en oorlewing van bestaansmyners op metaforiese vlak dikwels weerspieël word in dié metodes. Die ontginning van interdisiplinêre bewegende konsepte op 'n verbeeldingryke wyse lei tot nuwe insigte rondom armoede en uitbuiting van Kimberley-gemeenskappe. Dit word duidelik hoe die geskiedenis van diamantdelwery die onderliggende verweefdheid van die Kimberleyse samelewing gevorm het en hoe verskeie dimensies van armoede manifesteer. Die projek strewende om toksiese meganismes in mynindustrieë te herken en te ondermyn. Verskeie kunswerke en foto's uit die Eureka-projek, soos bv. Allen se skildery *Kamer in die reën* (2017) en Rose se fotoreeks *Droomhuis* (2021), word bespreek.

**Kort CV:**

Janine Allen-Spies is 'n kunstenaar, professor en beeldfilosoof verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Sy ontvang haar doktorsgraad in beeldende kuns by die UV onder die leiding van die kunshistorikus, professor Dirk van den Berg en die kunstenaar en die spesiale professor aan die UV, Willem Boshoff. In 2016 ontvang Allen se PhD-uitstalling, getiteld *The Visionary Brusher Game*, die ABSA-toekening vir die beste uitstalling op die Internasionale Vrystaatse Kunstefees. Allen se werk het ook 'n toekening ontvang by die 2010 Spier Kontemporêre Biennale in Kaapstad. Allen het verskeie kunstenaarsresidensies bygewoon. Sy is onder andere 'n laureatus van die UNESCO/Aschberg program en het in 2002 die Sacatar Stigting se kunstenaarsresidensie in Brassilië bygewoon. In 2017 is sy ook gekies vir die residensie by die Ampersand Stigting in New York. Allen het verskeie projekte al aangepak, waarvan die prokek, Vrystaatse Kunstenaars-in-Skole, geleenthede gebied het vir beide kunstenaars, leerders en onderwysers in die provinsie. In die afgelope twee jaar het sy deelgeneem aan die fotografiese uitstalling *Ons Corona* (Corona Yarona) by Constitution Hill en een van haar werke uit die Grendeltydreeks is ook te siene by die kuratoriese span, Budapest Diary (Budapest Dagboek) se aanlynuitstalling *Wat's jou storie* (Whats your story). In 2021 gaan Allen saam met dr. André Rose die werke van die Eureka-projek uitstal in die William Humphreys Kunsgalery in Kimberley, Noordkaap.

\*\*\*\*\*

**“Maar gaan dit ‘n verskil maak?” Vraagstukke rakende sosiale impak en gehoorontwikkelingsprojekte met teater vir jong kinders**

Prof Petrus du Preez, Departement Drama,  
Universiteit Stellenbosch

**Opsomming:**

Die Departement Drama loods in 2015 'n gehoorontwikkelingsprojek met die oog om laerskoolkinders in afgeleë, plattelandse gebiede aan 'n teaterervaring bloot te stel. Die projek sou die ontwikkeling en aanbieding van 'n kinderproduksie behels wat plattelandse

gemeenskappe wat nie maklike toegang tot teater het nie, te teiken. Reeds in die eerste jaar van die projek, het daar verskeie aspekte na vore gekom wat die aard van die interaksie met die teikengehore, die doelstellings van die projek en vraagstukke rakende 'sosiale impak' geopper het.

Die eerste produksie het in die Noord-Kaap, Oos-Kaap en Wes-Kaap gespeel en latere toere het selfs op die Vrystaatse platteland 'n draai gemaak. Aangesien die produksies op laerskoolgehore gemik is, en veral die armer gemeenskappe van die platteland, het die aanvanklike kontak met hierdie gemeenskappe beteken dat die doelstellings van die projek aangepas moes word om ander aspekte in die gemeenskappe aan te spreek wat nie oorspronklik deel van die projek gevorm het nie. Die blootstelling aan 'n teatergebeurtenis as primêre doelstelling het ontaard in 'n situasie waar teater 'n sosiale verantwoordelikheid en opvoedingstaak ook moes verrig. Die verandering (of eerder toevoeging) van doelstellings impliseer egter dat ander etiese kwessies rondom teaterskepping ook in ag geneem moet word. In toegepaste-teater- en ander sosiale-impakprojekte is daar dikwels magisposisies teenwoordig wat die sukses van die projek kan belemmer as dit nie oordeelkundig benader word nie. Dit is veral teenwoordig waar daar van 'buite' na gemeenskappe wat in armoede gedompel is, beweeg word.

In die referaat word die posisie van 'n universiteit se kunstedepartement in verhouding tot 'ander' gemeenskappe ondersoek. Lesse wat uit vyf jaar se interaksie met behoeftige gemeenskappe geleer is, word bespreek. Die kontak tussen 'n universiteitsgemeenskap en 'arm' gemeenskappe skep geleenthede waar beide gemeenskappe by mekaar kan leer, mits daar 'n gesonde begrip en bewustheid vir die verskillende gemeenskappe se verwagtinge en doelstellings is.

**Kort CV:**

Petrus du Preez is medeprofessor aan die Departement Drama van die Universiteit Stellenbosch en is tans die redakteur van die *South African Theatre Journal*.

Sy navorsing fokus op Suid-Afrikaanse (veral Afrikaanse) teater, toneelpoppe en jeugteater, sowel as navorsingprojekte wat deur kunsgebaseerde metodes ontwikkel word en spreek tot sy teoretiese belangstellings. As teatermaker is hy betrokke by die regie en teksskepping van vele teaterproduksies en as akteur spesialiseer hy in komiese rolle op televisie, film en die radio.

- ❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op  
16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**